

**Die Heilige Gees van God is die Gees van Waarheid, deur Gabrielle Wright**

In Johannes 14:1-6 het Jesus gesê, “Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan.” Tomas sê toe vir Hom: “Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?” Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.”

Jesus het nie gesê “Ek ken die waarheid en vertel julle daarvan nie”

Dit is wat ons as sy dissipels doen; ons sê ons ken die waarheid en wys dan na Jesus toe.

In Johannes 8:31-32 het Jesus gesê, “As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.”

As ons bietjie verder kyk na die tyd voordat Jesus as ’n mens aarde toe gekom het, het die Jode na die wet verwys as die “ware lewe” Om aan die wet gehoorsaam te wees was vir hulle die pad na ’n regte verhouding met God.

Die wet kom van God af en Jesus het nie gekom om die wet en die profete te herroep nie, maar om dit te vervul.

Die wet help ons om God se wil beter te verstaan, maar in Jesus sien ons die ewige waarheid van God. Ons hoef niks meer oor God te weet as wat Jesus openbaar het nie.

Nou in 2017, meer as 2000 jaar later, het ons hulp nodig om Jesus te verstaan en die waarheid oor Hom te onthou soos die Bybel oor Hom praat.

In Johannes 16:13 het Jesus gesê, “Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei.”

Die Gees voltooi die verlossings-pad - Jesus het die waarheid van God openbaar; Christene getuig van die waarheid; die Heilige Gees lei ons na eenheid met Jesus, die waarheid.

In Johannes 16:8 verduidelik Jesus die werk van die Gees in meer besonderhede.

“En wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan my kant is, en dat die oordeel al gekom het.”

Die Heilige Gees word die Gees van waarheid genoem want die Gees help ons om die ewige waarheid van die lewe te ken: Jesus, God, die Drie-Enige.